Familie Tuisblad

23 Junie 2024

1 Begin hier

Vandag gaan ons woorde lees wat ons herinner dat God in beheer is, dat ons eintlik in God se koninkryk woon en God van alles weet. Ons almal weet dat slegte dinge deel is van ons lewe. Ons almal moet dinge doen wat nie vir ons lekker is nie, met ons almal gebeur dinge wat nie lekker is nie en ons soms seer maak. Wat die Bybel ons leer, is dat al is dinge nie lekker nie en al kry ons seer en ons soms voel asof God dan nie die Koning is nie, kom vertel die Bybel vir ons dat God enige oomblik kan ingryp.
Dit is ons hoop en waarom ons gereeld met God praat deur gebed wanneer ons hulp nodig het. God weet van alles, God was daar lank voor ons bestaan het. God was daar toe alles gemaak is, ook toe jy gemaak is en Hy weet van jou en wat in jou lewe aangaan.
God is nooit te ver wanneer ons hulp nodig het nie!

2 Lees

Job 38:1-11

3 Gesels

- Watter natuurlike verskynsels staan vir jou uit?
- Ken jy dalk van die antwoorde wat God vir Job vra?
- Wat dink jy sou jy doen as jy Job was en God hierdie vrae vir jou vra?

4 Bid

Dankie Here, dat U beter weet as ons en dat ons U altyd kan vertrou en vra wanneer ons moedeloos is. Amen

5 Doen

Gaan spandeer tyd in julle gunsteling deel van die natuur.